

*Die Brief van*

PAULUS

*aan*

Titus



*The Epistle of*

PAUL

*to*

Titus



## THE EPISTLE OF THE APOSTLE PAUL TO TITUS

**In the Book Paul gives Titus instructions for pastoring the church at Crete.**

*"For this cause I left thee in Crete, that thou should correct that which is lacking and set in place elders in every city, as I had commanded thee". (Titus 1:5)*

Titus was a Greek believer:

"But neither Titus, who was with me, being a Greek, was compelled to be circumcised" (Galatians 2:3).

Titus had served Paul on special assignments to Corinth and he had been converted through Paul's personal ministry:

"To Titus, mine own son after the common faith: Grace, mercy, and peace, from God the Father and the Lord Jesus Christ our Savior" (Titus 1:4)

### **Seeing Jesus in Titus;**

Jesus is seen as our "blessed hope" – Titus 2:13 and our Saviour – Titus 3:6.

"For the grace of God that brings salvation has appeared to all men, <sup>12</sup> teaching us that denying ungodliness and worldly lusts, we should live temperately, righteously, and godly in this present world; <sup>13</sup> waiting for that blessed hope and the glorious appearing of our great God and Saviour Jesus Christ <sup>14</sup> who gave himself for us that he might redeem us from all iniquity and purify unto himself a people of his own, zealous of good works." Titus 2:11-14

### **Responsibilities**

Titus had three responsibilities, namely;

- Preach God's Word
- Ordain Qualified Elders
- Silence False Teachers

The Epistle of the Apostle Paul  
to

## Titus

Jubilee English

Die Brief van die Apostel Paulus  
aan

## Titus

Jubilee Afrikaans

### Greetings

**1** Paul, slave of God, and apostle of Jesus Christ, according to the faith of God's elect and the knowledge of the truth which is according to godliness;

<sup>2</sup> for the hope of eternal life, which God, who cannot lie, promised before the times of the ages

<sup>3</sup> and has manifested in due times. It is his word through preaching, which is committed unto me according to the commandment of God our Saviour;

<sup>4</sup> to Titus, true son in the common faith: Grace, mercy, and peace, from God the Father and the Lord Jesus, the Christ, our Saviour.

### Qualifications for Elders

<sup>5</sup> For this cause I left thee in Crete, that thou should correct that which is lacking and set in place elders in every city, as I had commanded thee:

<sup>6</sup> He who is blameless, the husband of one wife, having faithful children who can not be accused of dissoluteness, nor insubordinate.

<sup>1</sup> Grieks "eklektos" by implikasie gunsteling; gekies; oorblywendes van Israel. / Greek "eklektos" by implication favor, choses elect; survivors of Israel.

<sup>2</sup> Goddelikheid verwys daarna om openbare waarhede van Adonai te ken, deug, kennis en geduld te toon, eerbied vir Adonai te hê; kortom om soos God te wees – dit beskryf Adonai se Goddelike natuur. / Godliness is to know Adonai's revealed truth, to show virtue, knowledge and patience, having reverence for Adonai; in short to be like God – it describes Adonai's divine nature.

### Groete

**1** Paulus, 'n slaaf van Adonai en 'n apostel van Yahshua, die Christus, volgens die geloof van Adonai se oorblywendes<sup>1</sup> (*gunsteling*) en die kennis van die waarheid volgens goddelikheid<sup>2</sup>;

<sup>2</sup> want die hoop van die ewige lewe, wat Adonai, wat nie kan lieg nie, voor die tyd van ewigheid af al beloof het

<sup>3</sup> en wat op die regte tye [*in Sy eie aangestelde tyd*] gemanifesteer het. Dit is Sy woord wat deur prediking bekend {*openbaar*} gemaak is, wat aan my toevertrou is, volgens die bevele van Adonai, ons Verlosser;

<sup>4</sup> aan Titus, 'n ware seun in die algemene geloof: Genade [*guns en geestelike seën*], barmhartigheid en vrede {*shalom*} van Adonai die Vader en YHWH, Yahshua, die Christus, ons Verlosser.

### Kwalifikasie vir Ouderlinge

<sup>5</sup> Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy dit sou regmaak wat nog kortkom, en ouderlinge {*gemeente (ekklesia uitgeroepes) leiers*} in elke stad in plek kon stel soos wat ek jou beveel het:

<sup>6</sup> Hy wat onberispelik is, die man van een vrou, wat gelowige kinders het, wat nie van losbandigheid [*oop vir beskuldigings vir los sedes en gedrag of oproerig en wanordelik*] beskuldig kan word of

<sup>1</sup> Grieks "eklektos" by implikasie gunsteling; gekies; oorblywendes van Israel. / Greek "eklektos" by implication favor, choses elect; survivors of Israel.

<sup>2</sup> Goddelikheid verwys daarna om openbare waarhede van Adonai te ken, deug, kennis en geduld te toon, eerbied vir Adonai te hê; kortom om soos God te wees – dit beskryf Adonai se Goddelike natuur. / Godliness is to know Adonai's revealed truth, to show virtue, knowledge and patience, having reverence for Adonai; in short to be like God – it describes Adonai's divine nature.

tugtelos (*ongehoorsaam aan opdragte*) is nie.

<sup>7</sup> For the bishop must be blameless, as a steward of God; not arrogant, not quick to anger, not given to wine, not hurtful, not greedy of dishonest gain,

<sup>8</sup> but a lover of hospitality, a lover of good men, temperate, just, holy, gentle,

<sup>9</sup> holding fast the doctrine according to the faithful word, that he may be able by sound doctrine both to exhort and to convince the gainsayers.

<sup>10</sup> For there are many insubordinate and vain talkers and deceivers of souls, especially those of the circumcision,

<sup>11</sup> whose mouths it is expedient to stop, who subvert whole houses, teaching things which they ought not, for dishonest gain.

<sup>12</sup> One of themselves, even a prophet of their own, said, The Cretians are always liars, evil beasts, lazy bellies.

<sup>13</sup> This witness is true. Therefore rebuke them sharply, that they may be sound in the faith;

<sup>14</sup> not giving heed to Jewish fables and commandments of men, that turn from the truth.

<sup>15</sup> For unto the pure all things are pure, but unto those that are defiled and unfaithful, nothing is pure, but even their soul and conscience is defiled.

<sup>16</sup> They profess that they know God, but in works they deny him, being abominable and rebellious and reprobate unto every good work.

<sup>7</sup> Want 'n opsiener moet as 'n rentmeester van Adonai onberispelik wees, nie arrogant (eiesinnig) nie, nie vinnig kwaad word nie, geen drinker wees nie, geen vegter nie, nie gierig wees vir oneerlike winste nie;

<sup>8</sup> maar 'n liefhebber van gasvryheid, een wat goeie mense [*en goeie dinge*] liefhet [*'n vriend van medegelowiges, veral aan vereemdelinge en buitelanders*], gematigd, regverdig, heilig, selfbeheersd,

<sup>9</sup> een wat vashou aan die betroubare woord [*soos hy geleer is*] sodat hy in staat kan wees om met die gesonde doktriene te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

<sup>10</sup> Want daar is baie wat tugtelos (*ongehoorsaam aan opdragte*) is, wat onsin praat en verleiers van siele is, veral die wat uit die besnydenis is [*wat van Judaïsme oorgekom het*],

<sup>11</sup> vir wie se monde dit wenslik is om te stop, wat hele huise tersyde stel, dinge leer wat nie betaamlik is nie, ter wille van oneerbare wins.

<sup>12</sup> Een van hulle, 'n profeet uit eie geledere, het gesê, Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike.

<sup>13</sup> Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle standvastig in die geloof kan wees;

<sup>14</sup> en hulle nie met Joodse fabels {*mites*} en gebooe van mense wat van die waarheid afwyk besig hou nie.

<sup>15</sup> Want aan die reines is alle dinge rein, maar aan die besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, want selfs hulle siel en hulle gewete is besoedel.

<sup>16</sup> Hulle bely dat hulle Adonai ken, maar hulle verloën Hom deur die werke [*optrede*], omdat hulle gruwelik, ongehoorsaam [*opstandig*] en goddeloos na elke goeie werk is.

**Teach Sound Doctrine**

**2** But speak thou the things which are expedient unto sound doctrine,

<sup>2</sup>that the aged men be temperate, venerable, prudent, sound in faith, in charity, in tolerance.

<sup>3</sup>The aged women likewise, that they be in behaviour as becomes holiness, not false accusers, not given to much wine, teachers of honesty;

<sup>4</sup>that they may teach the young women to be prudent, to love their husbands, to love their children,

<sup>5</sup>to be temperate, chaste, good housekeepers, subject to their own husbands, that the word of God not be blasphemed.

<sup>6</sup>Young men likewise exhort to be temperate;

<sup>7</sup>in all things showing thyself as an example of good works, in doctrine showing integrity, seriousness, purity,

<sup>8</sup>sound speech, that cannot be condemned; that the adversary may be ashamed, having no evil thing to say of you.

<sup>9</sup>Exhort slaves to be subject to their own masters and to please them well in all things; not contradicting;

<sup>10</sup>not defrauding, but showing all good fidelity; that they may adorn the doctrine of God our Saviour in all things.

<sup>11</sup>For the grace of God that brings

**Leer Gesonde Leerstelling**

**2** Maar spreek jy die dinge wat raadsaam is tot gesonde doktriene [*die karakter om reg te lewe wat die ware Christen identifiseer*],

<sup>2</sup>dat ouer mans selfbeheersd moet wees, eerbiedwaardig, taktvol, standvastig in geloof, in liefdadigheid, in verdraagsaamheid.

<sup>3</sup>Netso ook die ouer vroue, dat hulle gedrag moet getuig van heiligheid, nie valse beskuldigings wees nie, nie aan te veel wyn verslaaf wees nie, maar onderwysers van eerlikheid [*goeie raad gee*];

<sup>4</sup>sodat hulle die jong vroue kan leer om [*netso gesond en nugter van gedagte, gedissiplineerd*] omsigtig (*taktvol*) te wees, om hulle mans en kinders lief te hê,

<sup>5</sup>selfbeheersd te wees, rein, goeie huishoudsters, onderdanig aan hulle eie mans, sodat die woord van Adonai nie belaster {*in die skande gebring*} word nie.

<sup>6</sup>Vermaan die jong manne om net so selfbeheersd te wees;

<sup>7</sup>om in alles juisself as 'n voorbeeld van goeie werke te vertoon, integriteit in doktriene, erns [*neem die lewe ernstig op*] en reinheid,

<sup>8</sup>standvastige spraak, wat nie veroordeel kan word nie; dat die teenstaander beskaam kan word, deur geen bose {*slegte*} ding te hê om van julle te sê nie.

<sup>9</sup>Vermaan slawe om onderdanig aan hulle eienaars te wees en om hulle in alle dinge baie tevrede te stel; sonder teësprak;

<sup>10</sup>nie te bedrieg [*stelery, om goed van min waarde te vat*] nie, maar alle getrouheid bewys; sodat hulle die doktriene van Adonai, ons Verlosser in alle dinge kan versier {*meer aantreklik maak*}.

<sup>11</sup>Want die genade [*onverdiende guns* en

salvation has appeared to all men,

<sup>12</sup>teaching us that denying ungodliness and worldly lusts, we should live temperately, righteously, and godly in this present world;

<sup>13</sup>waiting for that blessed hope and the glorious appearing of our great God and Saviour Jesus Christ,

<sup>14</sup>who gave himself for us that he might redeem us from all iniquity and purify unto himself a people of his own, zealous of good works.

<sup>15</sup>These things speak and exhort and rebuke with all authority. Let no one despise thee.

**Be Ready for Every Good Work**

**3** Admonish them to be subject to dominion and power, and to persuade those who have authority, that they be quick unto every good work.

<sup>2</sup>That they speak evil of no one, that they not be contentious, but gentle, showing all meekness unto all men.

<sup>3</sup>For we ourselves also were foolish in another time, rebellious, deceived, serving diverse lusts and pleasures, living in malice and envy, hateful, and hating one another.

<sup>4</sup>But after that the kindness and love of

<sup>3</sup> Die Complete Jewish Bible (CJB) gebruik die woord "**Sh'khinah**" wat verwys na "om te vestig, te woon, woonagtig, bewoon 'n woonplek". Shekhinah verwys na soos openbaar in die Tabernakel. Ons geseënde hoop is dan om uit te sien na die Messias om in ons te Tabernakel, permanent in ons te kom woon vir ons redding. /

*The Complete Jewish Bible (CJB) use the word "Sh'khinah" which refers "to settle, to dwell, reside, inhabit, a dwelling place". Shekhinah referred to as manifest in the Tabernacle. Our blessed hope then is to look forward for the Messiah to Tabernacle in us, permantly dwell within us for our deliverance.*

*seëninge*] van Adonai [*het na vore gekom*] wat [*ewige*] verlossing [*vir alle sonde*] bring, het aan alle mense verskyn,

<sup>12</sup>leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ons moet tydelik leef, gematigd (*bedwaard*), regverdig en goddelik [*geestelik geheel*] in die huidige wêreld;

<sup>13</sup>wag {*voortdurend verwag*} vir daardie {*vervulling van ons*} geseënde hoop en die heerlike verskyning van {*die Shekhinah*<sup>3</sup> van} ons grote Adonai en Verlosser, Yahshua, die Christus [*die Messias, die Gesalfde Een*],

<sup>14</sup>wat Homself vir ons gegee het om ons van alle booshede te verlos en vir Homself mense te reining wat Sy eiendom is, ywerig in goeie werke. [Deut 14:2; Ps 130:8; Eseg 37:23]

<sup>15</sup>Spreek hierdie dinge en vermaan en bestraf [*adviseer, moedig aan, waarsku*] met alle gesag. Laat niemand jou verag {*neerkyk op jou*} nie.

**Wees Gereed vir Elke Goeie Werk**

**3** Vermaan hulle om onderdanig te wees aan owerhede en gesag, en oortuig die wat outoriteit het om [*bereid te wees*] alle goeie werk vinnig te verrig.

<sup>2</sup>Dat hulle van niemand sleg praat nie, nie strydligtig wees nie, maar vriendelik en sagmoedigheid aan alle mense bewys.

<sup>3</sup>Want ons was ook vroeër onverstandig, opstandig, mislei, verslaaf aan allerhande diverse begeertes en genot; het in boosheid en afguns gelewe; haatlik, en mekaar gehaat.

<sup>4</sup>Maar daarna het die goedertierenheid

God our Saviour toward man appeared,

<sup>5</sup> not by works of righteousness which we have done, but according to his mercy he saved us, by the washing of regeneration and renewing of the Holy Spirit,

<sup>6</sup> which he poured out abundantly in us through Jesus, the Christ, our Saviour;

<sup>7</sup> that being justified by his grace, we should be made heirs according to the hope of eternal life.

<sup>8</sup> The Word is faithful, and I desire that thou affirm this constantly, that those who have believed God might be careful to conduct themselves in good works. This is good and profitable unto men.

<sup>9</sup> But avoid foolish questions and genealogies and contentions and debates concerning the law, for they are unprofitable and vain.

<sup>10</sup> A man that is a heretic, after the first and second admonition, reject him,

<sup>11</sup> knowing that he that is such is subverted and sins, being condemned of his own judgment.

#### Final Instructions and Greetings

<sup>12</sup> When I shall send Artemas unto thee or Tychicus, procure to come unto me to Nicopolis; for I have determined to winter there.

<sup>13</sup> Send Zenas the lawyer and Apollos on ahead, procuring that nothing be lacking unto them.

<sup>14</sup> And let ours also learn to maintain good works for necessary uses, that they not be unfruitful.

<sup>4</sup> Die woord "mikveh" is 'n Hebreuse woord wat in Judaïsme verwys na 'n bad wat vir rituele reiniging gebruik word om rituele suiwering te bewerkstellig /

The word "mikveh" is the Hebrew word for a bath used for the purpose of ritual immersion in Judaism to achieve ritual purity.

en liefde van Adonai ons Verlosser teenoor die mens verskyn,

<sup>5</sup> nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar volgens Sy genade het Hy ons gered deur die afwassing [*reïnigingsbad*] {"mikveh"<sup>4</sup> van *wedergeboorte*} van die herlewing [*nuwe geboorte*] en vernuwing van die Heilige Gees {*Ruach HaKodesh*},

<sup>6</sup> wat Hy ryklik in ons deur Yahshua, die Christus, ons Verlosser {*Yahshua HaMashiach*} uitgestort het;

<sup>7</sup> dat ons, geregverdig deur Sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

<sup>8</sup> Die Woord is betroubaar, en ek begeer dat jy hierdie dinge voortdurend moet bevestig, dat hulle wat Adonai geglo het, besorgd moet wees om hulle op goeie werke toe te lê. Dit is wat goed en nuttig is vir die mense.

<sup>9</sup> Maar vermy dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet {*Torah*}, want dit is nutteloos en tevergeefs.

<sup>10</sup> Aan 'n man wat partyskap verwek [*verdeeldheid veroorsaak*], ná die eerste en tweede vermaning moet jy jou onttrek,

<sup>11</sup> wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

#### Finale Instruksies en Groete

<sup>12</sup> Wanneer ek Artemas of Tigikus na jou toe stuur, doen dan jou bes om na my in Nikopolis te kom; want ek het besluit om daar te oorwinter.

<sup>13</sup> Stuur Senas die wetgeleerde en Apollos vooruit, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie.

<sup>14</sup> En laat mense ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag

wees nie.

<sup>15</sup> All that are with me salute thee. Greet those that love us in the faith. Grace be with you all. Amen.

<sup>15</sup> Almal wat saam met my is, groet jou. Groet die wat vir ons liefhet in die geloof. Die genade [*Adonai se guns en seëninge*] sy met julle almal. Amen [*dit sal so wees*]